

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



Taalbeleid van die Universiteit van die Vrystaat

BELEIDSVERKLARING	
1. Inleiding/agtergrond	1.1 Die Universiteit van die Vrystaat (UV) bly verbind tot die bevordering van veeltaligheid, soos verwoord in artikel 29(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet en in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings (2020), ten einde billike toegang tot kennis en akademiese sukses vir alle studente, die wetenskap van navorsing, inklusiwiteit en sosiale samehorigheid, asook 'n sterk gevoel van tuis hoort te bewerkstellig. Die UV-taalbeleid gaan van die uitgangspunt uit dat die UV in die eerste plek 'n veeltalige samelewing is en dat dit studente in die tweede plek voorberei vir globale meertalige burgerskap. Die UV is verbind tot veeltaligheid deur vyf werkstale (naamlik Suid-Sotho, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Zoeloe, Afrikaans en Engels) in verskeie kontekste van werksaamhede te gebruik.
2. Doel	2.1. Die doelstellings van die UV-taalbeleid (2023) is om: a) veeltaligheid te bevorder soos verwoord in artikel 29(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet; b) die beleid in ooreenstemming te bring met die Nasionale Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings (2020); c) die universiteit se Visie 130 ten uitvoer te bring deur die linguistiese diversiteit van studente en personeel as sosiale bates en as sosiale geregtigheid en inklusiwiteit te erken; d) die ontwikkeling en (her)intellektualisering van Suid-Sotho as 'n hulpbron vir konseptualisering en betekenisgewing in die studierigtings te bevorder; e) billike toegang tot kennis en sukses vir alle studente aan die UV te bevorder; f) meertaligheid in onderrig en leer, navorsing, vir sosiale kohesie en 'n gevoel van behoort te bevorder.
3. Omvang	3.1. Hierdie taalbeleid is van toepassing op alle personeel en studente oor die UV-kampusse heen en op alle professionele, akademiese en sosiale kommunikasie en aktiwiteite wat regstreeks met die UV verband hou.
4. Definisies en afkortings	Akademiese geletterdheid Die vermoë om lidmaatskap van 'n akademiese (dissiplinêre) gemeenskap te demonstree deur te lees, skryf, praat, dink en op te tree op maniere wat ooreenstem met die waardes, oortuigings en gesindhede van daardie vakspesifieke gemeenskap. Epistemologiese toegang Toegang tot die teorie van kennis, met spesifieke verwysing na die metodes, geldigheid en omvang van 'n spesifieke studierigting.

	Veeltaligheid 'n Taalkundige vermoë wat meer as twee tale behels. Veeltaligheid kan individueel wees, byvoorbeeld waar 'n persoon meer as een maar verkieslik meer as twee tale kan gebruik; en sosiale veeltaligheid, waar persone meer as een, maar verkieslik meer as twee tale in sosiale transaksies in 'n gegewe gemeenskap gebruik. In die UV se geval beteken veeltaligheid die gebruik van sekere tale in 'n spesifieke konteks en/of die kombinasie van tale soos Engels, Suid-Sotho, Zoeloe, Afrikaans en Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir verskillende doeleindes volgens elke kampus se behoeftes. Transtaal 'n Pedagogiese strategie of praktyk om beskikbare linguistiese repertoriums te gebruik vir betrokkenheid, samewerking, asook die leer en verstaan van moeilike konsepte deur van verskillende tale gebruik te maak. Professionele programme Akademiese programme wat studente voorberei vir die beoefening van 'n beroep soos verpleegkunde, onderwys, regte, rekeningkunde en medisyne. Studieklas-stelsel Verwys na kleiner groepbyeenkomste wat in aangewese modules plaasvind waar 'n spesifieke pedagogie gebruik word om studente te ondersteun in die verwerwing van akademiese geletterdheid wat verband hou met hul professionele of wetenskaplike studierigting.
5. Riglyne	5.1 Die volgende beginsels inspireer die aanvaarding van hierdie beleid in ooreenstemming met die Taalbeleid vir Openbare Hoër Onderwysinstellings (2020), die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) en die UV se Visie130: a) Veeltaligheid as 'n hulpmiddel vir diversiteit, inklusiwiteit, gelykheid, toegang, sukses, regstelling, versoening en sosiale geregtigheid. b) Ontwikkeling van Suid-Sotho as 'n akademiese taal en 'n hulpmiddel vir epistemologiese toegang en studentesukses. c) Erkenning en respek vir alle ander tale wat studente en personeel na die UV bring. d) Ontwikkeling van studente se akademiese geletterdheid op voor- en nagraadse vlak. e) Deurlopende verbintenis tot veeltaligheid as 'n sosiale bate. f) Taal as 'n hulpbron vir die universiteit om individuele ontwikkeling en integrasie in 'n veeltalige samelewing te bewerkstellig.
6. Beleid	In die lig van bogenoemde doel en beginsels is die volgende beleidsvoorskrifte van toepassing:

	6.1. Engels bly die onderrigtaal, behalwe in taalspesifieke studierigtings, modules en programme (soos Afrikaans, Arabies, Nederlands, Duits, Frans, Zoeloe, Suid-Sotho en Suid-Afrikaanse Gebaretaal) op voor-en nagraadse vlak op al drie UV-kampusse. 6.2. Lesings, studiemateriaal, eksamens en verwante materiaal sal in Engels wees, behalwe in studierigtings waar ander tale buiten Engels uitdruklik as vakke onderrig word of vir onderrig- en assesseringsdoeleindes gebruik word. 6.3. Waar moontlik, sal die UV voortgaan om Braille en SAGT deur middel van SUTGO en die Akademie vir Veeltaligheid te ondersteun. 6.4. Veeltaligheid in die domein van onderrig en leer word versterk deur transtaalgebruik in die studieklassstelsel, veral in die eerstejaarprogramme. Meertalige studiehulpbronne sal in die konteks van transtaalstudieklasse verskaf word om epistemologiese toegang vir alle studente te ondersteun. 6.5. In spesifieke taalverwante programme, soos grade wat spesialiseer in spesifieke tale (Afrikaans, Arabies, Nederlands, Frans, Duits, Zoeloe, Suid-Sotho), mag studente honneurs-, meesters- en PhD-navorsingsverslae, verhandelings en proefskrifte skryf in die tale wat met die graad ooreenstem. Verder sal fakulteite wat professionele programme in ander tale as Engels aanbied, voortgaan om dit in daardie tale aan te bied. 6.6. Die formele taal van die UV in al sy amptelike vergaderings, administrasie en kommunikasie is Engels, met voldoende buigsaamheid vir die toenemende beoefening van veeltaligheid regoor die UV. 6.7. Alle sertifikate, diplomas en akademiese rekords van die UV sal in Engels uitgereik word. 6.8. Waar van toepassing, kan enige vyf of al die UV-tale in sosiale en kulturele kommunikasie, bemarkingsmateriaal, kortleerprogramme en geleenthede verteenwoordig word. 6.9. Die webwerf van taalspesifieke departemente moet ook inligting in die betrokke taal insluit (skakels/vertaal deur die departement). 6.10. Naamborde sal sover moontlik in die vier tale wees, met inagneming van die taaldiversiteit van die UV, beskikbare hulpbronne en die beleid om 'n veeltalige universiteit te ontwikkel. 6.11. Formele studentelewe-wisselwerking moet in Engels wees, terwyl veeltaligheid in alle sosiale wisselwerking aangemoedig word. 6.12. Gegewe die geografiese ligging van die UV, is die universiteit daartoe verbind om 'n nasionale spilpunt vir die ontwikkeling van Suid-Sotho te word deur middel van verskeie samewerkende
--	--

	transinstitusionele, interinstitusionele en intra-institusionele projekte. 6.13. Vennootskappe sal met ander instellings gesmee word vir die verdere ontwikkeling van Zoeloe, Afrikaans en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. 6.14. Met die verskaffing van internasionale taalkursusse bevorder die UV 'n nasionale, Afrika- en wêreldkultuur vir die gesamentlike ontwikkeling van interkulturele sensitiwiteit en deelname aan internasionale vennootskappe.
7. Verantwoordelikheid	7.1. Die UV sal deur die Taalkomitee aanspreeklik gehou word vir die inwerkingstelling van die punte soos uiteengesit in hierdie beleid. 7.2. Hierdie afdeling beskryf die verantwoordelikhede van elke betrokke departement/persoon. 7.2.1. Die Adjunkvissekanselier: Akademies is deur middel van die UV se Akademie vir Veeltaligheid verantwoordelik vir die algehele inwerkingstelling van die Taalbeleid oor die UV heen. 7.2.2. Die kampusprinsipale, dekane, visedekane en assistentdekane is verantwoordelik vir die inwerkingstelling van die Taalbeleid op kampus/fakulteitsvlak. 7.2.3. Die Registrateur is verantwoordelik vir die inwerkingstelling van die beleid met betrekking tot die UV-administrasie.
8. Aanspreeklikheid en Gesag:	
8.1 Inwerkingstelling:	
8.2 Nakoming:	8.2.1 Nasionale Taalbeleidsraamwerk 2020.
8.3 Monitering en evaluering:	8.3.1 Die Taalkomitee van die Akademiese Komitee, 'n subkomitee van die Senaat, is verantwoordelik vir die monitering van die inwerkingstelling van die UV-taalbeleid. 8.3.2 Die Taalkomitee sal jaarliks verslag doen oor die inwerkingstelling van die Taalbeleid en aanbevelings aan die Akademiese Komitee maak om redelike inbedding van die Taalbeleid in UV-beleid, -programme en institusionele kultuur te verseker. Die beleid sal vergesel word van 'n implementeringsplan wat met die verskillende afdelings verband hou. 8.3.3 Die Taalkomitee sal die hersiening van die Taalbeleid vyf jaar na die inwerkingstelling van die beleid inisieer, of voor daardie tyd, soos die Taalkomitee dit nodig ag om die Taalbeleid te hersien of te wysig.
8.4 Ontwikkeling/hersiening:	8.4.1 Adjunkvissekanselier: Akademies
8.5 Goedkeuringsgesag:	8.5.1 UV-Raad
8.6 Interpretasie en advies:	8.6.1 Taalkomitee

9. Wie behoort kennis te dra van hierdie beleid?	9.1 Alle personeel en studente van die UV.
---	--

10. Beleid-/prosedure-implementeringsplan	10.1 Sien asseblief Bylae A vir besonderhede.
11. Hulpbronne benodig	11.1 Strategiese fonds om die beleidsopdragte in werking te stel soos uiteengesit in die implementeringsplan.

12. Antwoorde op algemene vrae	
DOELTREFFENDHEID VAN DIE BELEID	
Prestasie-aanwyser(s):	Moet met hersiening voltooi word deur die persoon wat verantwoordelik is vir inwerkingstelling, monitering en evaluering.

Bylae A

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT TAALBELEID-IMPLEMENTERINGSPLAN 2024

Hierdie taalbeleid-implementeringsplan bring die UV-taalbeleid ten uitvoer. Dit verskaf die aksieplan-aanwysings aan die mense/kantore wat vir elke handeling en tyd van aflewering verantwoordelik is.

Inleiding en agtergrond	Die Universiteit van die Vrystaat (UV) bly daartoe verbind om toestande te kweek vir die bevordering van veeltaligheid, soos verwoord in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings, vir gelykheid van epistemologiese toegang en studentesukses, die wetenskap van navorsing, inklusiwiteit en sosiale samehorigheid, asook 'n sterk gevoel van tuishoort. Die UV-taalbeleid gaan van die uitgangspunt uit dat die UV in die eerste plek 'n veeltalige samelewing is en dat dit studente in die tweede plek voorberei vir globale meertalige burgerskap.		
Die doelstellings van die UV-taalbeleid	Aksieplan	Mense/Kantore Verantwoordelik	Tydlyn
1. Om Suid-Sotho en Zoeloe as akademiese tale te ontwikkel en te (her)intellektualiseer	a) Ontwikkeling van terminologie in die studierigtings. b) Publikasie en bekendstelling van akademiese boeke wat in Afrikatale geskryf is. c) Vertaling van PhD-abstrakte. d) Suid- Sotho- korpusontwikkeling. e) Longitudinale navorsing oor die ontwikkeling van Suid-Sotho en Zoeloe as akademiese tale. f) Publikasie van navorsing.	Akademie vir Veeltaligheid; Departementshoof van die vakgebied; UV Afrikataalpers; Biblioteek; Akademie vir Veeltaligheid/ fakulteite/DINAB	Deurlopend
2. Om veeltaligheid in leer en onderrig in werking te stel	a) Bekendstelling van transtaal-studieklasstelsel. b) Bekendstelling van veeltalige pedagogiese opleiding vir akademici. c) Inter/intra-institusionele samewerking oor veeltaligheid–kollokwiums/konferensies/werk-sessies. d) Aanbied van transtaal-seminaar/simposium.	Akademie vir Veeltaligheid; Sentrum vir Onderrig en Leer; Fakulteite; Nasionale en internasionale instellings; Taaldepartemente	Deurlopend

	e) Deurlopende hernuwing van gespreksmodules in samewerking met die taaldepartemente.		
3. Om veeltaligheid as sosiale bate te bevorder	a) Aanbied van die Veeltalige Moketefees b) Aanbied van Taalbewustheidsweek c) Aanbied van Moedertaaldag d) Veeltalige dialoog e) I-CAN-projek	Akademie vir Veeltaligheid; Departement Afrikatale; Kommunikasie en Bemaking; Departement Kuns en Kultuur	Deurlopend
4. Om Engels as die taal van onderrig en leer aan die UV te erken	a) Ontwikkeling en bevordering van voorgraadse studente se akademiese geletterdheid. b) Ondersteuning van veeltalige nagraadse studente se akademiese skryfvaardighede deur middel van 'The Writing Space.'	Sentrum vir Onderrig en Leer; Sentrum vir Nagraadse Ondersteuning; Akademie vir Veeltaligheid	Deurlopend
5. Om die beleid in ooreenstemming te bring met die universiteit se Visie 130-beginsel van sosiale geregtigheid	a) Gelykheid in die behoud, vooruitgang en bevordering van UV-tale (naamlik Afrikaans, Engels, Zoeloe, Suid-Sotho, Suid-Afrikaanse Gebaretaal) en aanmoediging van die gebruik daarvan in alle sferes van die UV, waaronder onderrig en leer, navorsing, administrasie en sosiale ruimtes. b) Dialoë en bewusmaking oor taal as 'n reg.	Akademie vir Veeltaligheid; Fakulteite; Kommunikasie en Bemaking; Sentrum vir Onderrig en Leer; Sentrum vir Nagraadse Ondersteuning	Deurlopend
6. Om die Akademie vir Veeltaligheid deurlopend te bemagtig	a) Bemagtig die Akademie deurlopend soos en wanneer nodig vir die doeltreffende inwerkingstelling van die Taalbeleid.	Direkteur: Akademie vir Veeltaligheid; Adjunkvisekanselier: Akademies	Deurlopend
7. Om die UV-taalbeleid in ooreenstemming te bring met die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrig-instellings (2020)	a) Doen jaarliks verslag aan die Taalkomitee. b) Doen jaarliks verslag aan die DHOO.	Direkteur: Akademie vir Veeltaligheid; Adjunkvisekanselier: Akademies	Kwartaalliks Jaarliks
8. Verkryging van fondse/toekennings van nasionale en internasionale befondse vir die tydige en doeltreffende inwerkingstelling van die taalbeleid	a) Doen aansoek vir institusionele/inter-institusionele toekennings van DHOO en ander befondse; nasionale/internasionale finansieringsinstellings	Direkteur: Akademie vir Veeltaligheid; Adjunkvisekanselier: Akademies	Elke jaar